Willie Jonker: skaamteloos Christen

In die tweede onderhoud in Die Kerkbode se eksklusiewe reeks met staats- en kerklui "Stemme van gister, vandag en môre", het Frits Gaum op Stellenbosch met PROF WILLIE JONKER gesels. Prof Jonker is een van die profetiese stemme in die NG Kerk wat jare lank verguising en uitsluiting geken het, maar na wie uiteindelik geluister is - en vir wie die Wes-en-Suid-Kaapse Sinode in 1995 'n minute-lange staande applous gegee het ter erkenning van sy werk as predikant, teoloog en kerkleier.



Frits Gaum: U jongste boek se naam is: *Selfs die kerk kan verander*. Is dit nie eintlik vanselfsprekend dat die kerk - veral dan ook die NG Kerk wat 'n kerk van die Reformasie is - sal reformeer, verander, nie?

WILLIE JONKER: Deur die geskiedenis was die kerk een van die samelewingsinstellings wat die moeilikste verander het. Wat met die NG Kerk gebeur het - oor apartheid, waaroor dié kerk haar eens op die Skrif beroep het, te kon erken: "Ons het 'n fout gemaak" - dis in die geskiedenis van die kerk van alle tye iets baie besonders. My boek se titel, *Selfs die kerk kan verander*, is nie as verwyt bedoel nie, dis 'n woord van dankbaarheid dat dit in die geval van die NG Kerk wél gebeur het.

Het die kerk gendég verander?

In sommige opsigte, ja. Oor party van die veranderings is ek tog bekommerd. Die NG Kerk is 'n gereformeerde kerk wat haar gereformeerde karakter volgens my oortuiging moet behou en uitbou. Daaroor is die charismatisering wat al hoe meer in die NG Kerk ingang kry, 'n probleem. Dis 'n beweging weg van die gereformeerdheid wat nog altyd 'n kenmerk van ons kerk was, en vir my is dit die soort "verandering" waarsonder die NG Kerk kan klaarkom.

Wat is "gereformeerdheid" nou eintlik?

Dis 'n inkeer tot die Woord van God en aanbidding in die lig van die Woord. Dis 'n lees van die Woord met die insig van die Reformasie, 'n tradisie van spiritualiteit wat uit die tyd van die Reformasie dateer. Die gereformeerdheid van die NG Kerk is tog wel anders as dié wat 'n mens in byvoorbeeld Nederland kry. Dis omdat die vroomheid van die Skotse teologie in die negentiende eeu by ons 'n groot rol gespeel het toe die Skotse predikante hierheen gekom het, en daar 'n saamgroei was van die gereformeerde belydenisteologie wat ons van Nederland geërf het, en die Skotse presbiteriaanse vroomheidsteologie.

Is Jesus Christus régtig die enigste weg en waarheid en lewe? Moet ons dit vandag nog só aanvaar?

Ja! Ons as gelowige Christene glo baie duidelik dat Christus die enigste weg na God toe is. Gee jy dié oortuiging prys, dan gee jy die hart van die Skrif prys.

In 1990 het twee dinge gebeur wat koerantskrywers destyds as waterskeidende gebeurtenisse beskryf het. Aan die een kant was daar die toespraak van mnr FW de Klerk op 2 Februarie wat die geskiedenis van ons land verander het. Aan die ander kant was daar u toespraak in November tydens die Rustenburgse Kerkeberaad toe u - in opvolging van die besluite van die Algemene Sinode in Oktober daardie jaar - namens die NG Kerk en die Afrikanervolk belydenis oor apartheid gedoen het. Dit was 'n gebeurtenis met historiese impak. Dis nou elf jaar later. Dink u nog u het toe die regte ding op die regte plek gedoen?

Ja. Ek roem nie daarop nie, ek praat selde daaroor, maar ek is steeds vas oortuig dat ek die roeping gehad het om dit te moes doen. Ek kan nie soos Oom Doepie, 'n vroeëre gemeentelid, om elke draai sê: "Só sê die Here nou vir my", en dan met die grootste oortuiging só gaan maak nie. Maar ek glo dat ek daardie dag op Rustenburg die roeping gehad het om te doen wat ek gedoen het. Ek was 'n genooide spreker en het die geleentheid gehad om 'n belydenis te doen.

My goeie vriend, Dirk Hattingh ('n vorige moderator van die Kaapse Sinode), het die oggend voordat hy by ons deelkamer uit is, vir my gesê: "Willie, ons sal nie daarvan kan wegkom om een of ander tyd ons skuld teenoor hierdie mense te bely nie." En ek was intussen al van die vorige aand af op my eie aan die worstel oor hierdie saak! Toe hy dit vir my sê, het ek des te beter geweet wat ek moet doen. Die reaksie daarná van aartsbiskop Desmond Tutu, en dié van die amptelike afvaardiging van die NG Kerk, was 'n verdere bevestiging daarvan. Ek is steeds dankbaar dat dit so gebeur het.

Hoe voel u oor die oorgang van die "ou" na die "nuwe" Suid-Afrika?

Daar is geen manier waarop ons dié oorgang nie sou moes gemaak het nie. Die teorie van afsonderlike ontwikkeling - vir elke volk 'n eie land - kon natuurlik moreel geregverdig word. Maar in die praktyk kon dit nie billik uitgevoer word nie - die ineenstrengeling van ons samelewing het dit net nie moontlik gemaak nie.

Die roereier kon eenvoudig nie ont-roer word nie! Die politici het dit uiteindelik ingesien en gedoen wat hulle moes. Die kerk het nie daarin 'n leidende rol gespeel nie, maar dit tog wel uit die Skrif probeer begelei.

Reken u dat die Afrikaners 'n toekoms in Suid-Afrika het?

Ek is nie pessimisties nie. Ons het nie 'n ander plek waarheen ons kan gaan nie. Dit klink dalk vroom, maar ek glo steeds dat God ons met 'n doel hier geplaas het. Ja, ons ly aan die pyn van magsverlies. Vroeër het óns gesê dinge moet só wees en dan was dit so. Dit het nou baie verander. Maar ons moet dit deursien. Ons het hier 'n plek en ons moet dit in die nuwe situasie reg leer beset.

Wat wil u oor korkeenheid sê?

Dat die kerk óóp moet wees, is duidelik - dis Bybels. Iedereen wat in Jesus Christus glo, moet lidmaat kan wees van die kerk ... ook van die NG Kerk. Toe ek oor dit en verwante sake in die 1960's in 'n boek met die ietwat lesers-onvriendelike naam, *Die Sendingbepalinge van die Ned Gereformeerde Kerk van Transvaal*, geskryf het, het sommige mense gesê die aktuarius van die Transvaalse Kerk het nou liberaal geword. In werklikheid is ek my lewe lank 'n konserwatiewe gereformeerde teoloog!

In die gereformeerde tradisie is nog altyd aanvaar dat taal, kultuur en geografiese afstand 'n rol kan speel in die wyse waarop aan die kerk vorm gegee word. Dis nie 'n dwingende eis dat mense met verskillende tale en kulture in een en dieselfde gemeente verenig moet word nie. Maar die gereformeerdes het tog daarop aangedring dat die eenheid van die kerk en die gemeenskap van die heiliges oor die grense van taal en kultuur heen beoefen moet word. Hulle het geglo dat die kerklike strukture daarvoor voorsiening moet maak. So bind die bekende Dordtse Kerkorde Nederlands- en Franssprekendes binne één sinodale verband saam. Strukture as sodanig kan nie die gemeenskap van die heiliges skep nie, maar hulle moet die kader skep waarin die gemeenskap van die heiliges kan gedy, sodat geestelike eenheid bevorder kan word.

Wat sou u beskou as die belangrikste drie prioriteite vir die NG Kerk in die volgende tien jaar?

Die belangrikste is dat die Skrifkarakter van die kerk bewaar en verdiep sal word. Ons mag nie toelaat dat ons geheegtheid aan die Bybel en ons aanvaarding van die betroubaarheid van God se Woord in die gedrang kom nie.

Dan is ons getuienis in die wêreld van die grootste belang. Die kerk moet 'n bydrae lewer dat lidmate hulle Christenskap in die praktyk kan uitleef sodat dit duidelik is dat Christene ánders is en 'n ánder getuienis het as nie-Christene.

En derdens moet die kerk help keer dat die Christelike waardes in ons samelewingsorde verloor gaan. Dis moeilik in die sekulêre land waarin ons leef, maar ons moet ons identiteit as Christene skaamteloos uitleef.